

SPRAYFILM 10

Reg. No.: L 7120 Act /Wet No. 36 of/van 1947

A non-ionic sticker and spreader designed to control the effective lifespan of insecticides, herbicides, fungicides and foliar fertilizers.

Nie-ioniese kleef- en verspreidingsmiddel vir die verlenging van die effektiewe leeftyd van insekdoders, onkruidodders, swamdoders en blaarvoedingsmiddels.

ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL:

terpenic polymer / terpeen polimeer 902,4 g/l

Contents / Inhoud:



Registration holder / Registrasiehouer:

TSUNAMI PLANT PROTECTION (PTY) LTD

Co. Reg. No. / Mpy. Reg. Nr.: 2004/020524/07

P.O. Box / Posbus 466

HEIDELBERG, SOUTH AFRICA

Tel: (011) 812 9800



Batch No: / Lotnr:

Date of formulation / Formuleringsdatum:

UN number:



CAUTION
VERSIGTIG



**READ THE LABEL IN DETAIL BEFORE OPENING THE CONTAINER.
LEES DIE ETIKET VOLLEDIG VOORDAT DIE HOUER OOPGEMAAK WORD.**

For full particulars, see enclosed leaflet. / Vir volledige besonderhede, sien ingeslote pamflet.

SPRAYFILM 10

Reg. No.: L 7120 Act/Wet No. 36 of/van 1947

ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL:

Terpenic polymer / terpeen polimeer 902,4 g/l

Registration holder / Registrasiehouer:

TSUNAMI PLANT PROTECTION (PTY) LTD

Co. Reg. No. / Mpy. Reg. Nr.: 2004/020524/07

P.O. Box / Posbus 466, HEIDELBERG, 1438, TEL: (011) 812 9800

CAUTION / VERSIGTIG

WAARSKUWINGS:

- Gehoorsaam alle waarskuwings wat van toepassing is op die produkte wat saam met **SPRAYFILM 10** gebruik word.
- Hanteer versigtig.
- Skadelik indien insluk.
- Mag matige irritasie van oë veroorsaak.
- Mag matige irritasie van sinus en long veroorsaak.
- Beskerm die produk teen temperature by vriespunt van water. Berg by bokant 4 °C. Hou die houer dig geseël, moet nie toelaat dat water in aanraking kom met die inhoud van die houer nie.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

Lugtoediening:

Stel al die inwoners in die onmiddellike omgewing wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie oor water of aangrensende gebiede spuit of the spuitstof toelaat om dit te besoedel nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, onverenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer of registrasiehouer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS:

- Moet nie dampe inasem nie.
- Vermoed kontak met vel en oë.
- Dra beskermende rubber handskoene en gesigskerm wanneer die konsentraat hanteer word.
- Was met water en seep na gebruik en na toevallige kontak.
- Was besoelde klere na gebruik.
- Moet nie eet, drink of rook tydens meng en toediening nie en voordat hande en gesig gewas is en skoon klere aangetrek is nie.
- Verhoed wegdrywing van die spuitnewel na ander gewasse, weidings, riviere, damme en areas nie onder behandeling of na naasliggende waterbronne.
- Spoel tenk, pype en spuitneuse onmiddellik uit na gebruik met water.
- Leë houers moet **DRIEKEER UITGESPOEL** word soos volg. Keer die leë houer om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n

gedrup verminder het. Spoel die houer daarna driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuitenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.

- Vernietig die houer deur gate in te kap en plat te slaan en doen weg daarmee op 'n veilige manier.
- Moet nie die leë houer vir enige ander doel hergebruik nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

ALGEMENE INLIGTING:

- **SPRAYFILM 10** vorm 'n taai elastiese lagie wat aktiewe bestanddele in spuitmengsels op die blaaroppervlak vashou. Hierdie lagie verminder die degraderende invloed wat omgewingstoestande op die effektiwiteit van die aktiewe bestanddele mag hê. Afhangende van die toedieningshoeveelhede en omgewingstoestande word hierdie lagie laag vir laag afgebreek met tydsverloop.
- **SPRAYFILM 10** sal nie spuittoestelle verstop of skuim met toediening veroorsaak nie. Die produk is effektief wanneer dit toegedien word deur middel van lug- en grondbespuiting of konsentraattoedieners. Die produk verbeter die aanvanklike spuitneerslag asook goeie verspreiding van spuitneerslae wanneer dit toegedien word deur middel van lug- en grondbespuiting en konsentraatsproeiers, vir 'n volledige bedekking van die blaaroppervlak.
- **SPRAYFILM 10** verhoed die verwydering van landbouchemikalieë van blaaroppervlakke deur die aksie van wind en reënval. Die lagie wat vorm kan nagenoeg 25 mm reën weerstaan vir 'n periode van 7 tot 17 dae afhangende van die toedieningshoeveelheid en gewas wat beruit is. Die lagie beskerm die spuitneerslag teen ultraviolet bestraling wat die aktiewe bestanddele van sommige landbouchemikalieë vernietig. Vlugtigheid van sommige middels word ook tot 'n minimum beperk. Die lagie verminder ook die verlies van spuitneerslae as gevolg van die skuur effek van die blare teen mekaar, veral in winderige toestande.

SIMPTOME VAN OORMATIGE BLOOTSTELLING:

Irritasie van oë en vel mag voorkom. Rooiheid, krapperigheid, swelling en jeukerigheid kan voorkom.

NOODHULPBEHANDELING:

Inname: Kry mediese advies en toon hierdie etiket aan hom.

Oogkontak: Hou ooglede oop en spoel oë dadelik uit met lopende water vir ongeveer 20 minute. Kry mediese advies indien irritasie voortduur.

Velkontak: Trek besoedelde klere uit en was besoedelde dele deeglik met lopende water en seep vir 15 minute. Kry mediese advies indien irritasie voortduur.

Inaseming: Verwyder die pasiënt na vars lug. Kry mediese advies indien irritasie voortduur.

NOTA AAN GENEESHEER:

Behandel simptome en ondersteunend. Hou onder mediese toesig.

BELANRIKE NOTAS:

- **Vir lugtoediening, moet nie 'n hoër dosis as wat aanbeveel is gebruik nie.**
- Alle spuitmengsels wat **SPRAYFILM 10** bevat, moet toegedien word tydens sonlig periodes, ten minste een uur voor reën verwag word of oorhoofse besproeiing plaasvind, moet toegelaat word na toediening van spuitmengsels. Sonlig gedurende die periode word benodig vir die **SPRAYFILM 10** beskermende lagie om te set.
- **Om goeie emulsie te verseker, meng hierdie produk eers vooraf met water alvorens dit by die spuitmengsel gevoeg word.**
- Spoel altyd tenks, spuitlyne en spuitstukke onmiddellik na gebruik met water uit.

- 'n Klein hoeveelheid taai residu mag in tenk agterbly na gespoel is. Die resieue kan help om roes en korrosie te voorkom en sal nie spuitstukke verstop wanneer die toerusting weer gebruik word nie.
- In die geval waar spuitnewel op onbedoelde oppervlakke beland, kan dit verwyder word met seep en water voordat die residu droog is of met premium graad kerosen nadat die film droog geword het. Om die residu te verwyder van geverfde oppervlakke, gebruik standaard produkte ontwerp vir die verwydering van teer van sodanige oppervlakke.
- **SPRAYFILM 10** is mengbaar in spuitmengsels met meeste insekdoders, swamdoders, onkruidodders en blaarvoedings wat op die blare van plante toegedien word.
- Die produk moet nie toegedien word binne 30 dae voor oes nie, behalwe wanneer koper bevattende swamdoders, *Bacillus thuringiensis* produkte, oplosbare blaarvoedings of enige ander toleransie vrygestelde middels toegedien word.
- Die gebruik van die produk saam met toleransie vrygestelde middels naby oestyd kan sigbare, ongevraagde residue op gewasse tot gevolg hê.
- Indien dit 'n probleem mag wees kan die toedieningshoeveelhede aangepas word of die produk glad nie gebruik word naby oestye nie.
- Die produk moet nie toegedien word op voedselgewasse indien *Bacillus thuringiensis* produkte gekombineer word in spuitmengsels met ander insekdoders nie.

GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI.

Sien **BELANGRIKE NOTAS** hierbo.

Menginstruksies:

- Om goeie emulsie te verseker, meng hierdie produk eers vooraf met water.
- Hierdie voorafmengsel moet as die laaste toevoeging tot die spuitmengsel gevoeg word terwyl die spuitenk gevul word, met die menger in werking.

Doel van Gebruik:

Word gebruik om die aktiwiteit te verleng asook die effektiwiteit te verhoog van landboumiddels en blaarvoedingsmiddels wanneer dit toegedien word deur lug- en grondtoedieningstoerusting op die blare van plante.

TOEDIENINGSDOSISSE:

GEWAS:	DOSIS:	OPMERKINGS:
GROENTES & KATOEN	50 mℓ/100 ℓ water	Dien toe in voldoende volume water per hektaar (bv. 250 liter tot 1000 liter water per hektaar), afhangende van die gewas grootte, stadium en digtheid sodat deeglike benatting van die plante verseker is.
TEE PLANTE & KOFFIE BOME	50 mℓ/100 ℓ water	Dien toe in voldoende volume water per hektaar (bv. tot 500 liter water per hektaar), afhangende van die gewas grootte, stadium en digtheid sodat deeglike benatting van die plante verseker is.
JONG VRUGTE BOME: bv. Neut bome, Sitrus bome en Wingerd	50 mℓ/100 ℓ water	Dien toe in voldoende volume water per hektaar (bv. tot 500 liter water per hektaar en indien nodig tot 1000 liter), afhangende van die gewas grootte, stadium en digtheid sodat deeglike benatting van die plante verseker is.
VOLWASSE VRUGTE BOME: bv. Sitrus bome en ander Vrugte bome	50 mℓ/100 ℓ water	Dien toe in voldoende volume water per hektaar (bv. tot 2000 liter water per hektaar), afhangende van die gewas grootte, stadium en digtheid sodat deeglike benatting van die plante verseker is.
KORING, MIELIES & ANDER GRAAN GEWASSE	50 mℓ/100 ℓ water	Dien toe in voldoende volume water per hektaar (bv. 250 liter tot 1000 liter water per hektaar), afhangende van die gewas grootte, stadium en digtheid sodat deeglike benatting van die plante verseker is.
TURF TOEDIENINGS: bv. Grasperke, Golfbane en Speelvelde	50 mℓ/100 ℓ water	Dien toe in voldoende volume water per hektaar (bv. tot 1000 liter water per hektaar), afhangende van die plantegroei digtheid sodat deeglike benatting van die plantegroei verseker is.
LUGTOEDIENING vir alle gewas situasies waar van toepassing	50 mℓ/100 ℓ water	Moet nie 'n hoër dosis as wat aanbeveel is gebruik nie. Dien toe in 30 liter tot 50 liter water per hektaar, afhangende van die aanbeveling vir lugtoediening vir die produk wat in die tenkmengsel saam met SPRAYFILM 10 gebruik word.

NOTA: Voeg altyd **SPRAYFILM 10** as die laaste produk by die spuitmengsel.